**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS


# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*


**A. VORSTER APTEEK**
Octron-gebou,
Lombardstraat.
*VIR VINNIGE AFLEWERING*
SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII — WOENSDAG 28 FEBRUARIE 1968 — Nr. 4

# Groot planne beraam vir karnaval

## Talle nuwighede kom

**„DINK Groot! Dit moet die leuse van ons komende Karnaval wees," het die voorsitter van karnaval-komitee, mnr. Johan Kruger, in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

**„Ons moet probeer wegkom van die stereotipe idees wat hoofsaaklik neerkom op die gebruikmaking van plaaslike instansies en talent.**

Dit is 'n aksie vir die studente deur die studente en die sukses daarvan gaan hoofsaaklik afhang van in hoe 'n mate die studente self positief gaan deelneem."

Voorlopige datums vir die groot gebeurtenis is 26 en 27 April. Die tyd is gekies omdat daar dan nie baie toetse geskryf sal word nie, dit net na die vakansie is en as in gedagte gehou word dat die Intervarsity datum moontlik verskuif gaan word . . . dan sommer 'n goeie aptytwekker om „gees te vang."

**TEMA**

**Die sentrale tema wil mnr. Kruger in hierdie stadium nog nie bekend maak nie. Dit gaan 'n verrassing wees maar hy is van mening dat dit 'n tema is wat by die begrip „karnaval" sal pas.**

Dit is ook nog te vroeg om 'n finale program bekend te maak, maar daar word o.a. 'n optog van vlotte deur Potchefstroom en Klerksdorp beoog. Die verskillende koshuise sal ook verantwoordelik wees vir die bou van onderskeie vlotte ('n besondere vrugbare arbeidsveld vir die eerstejaars). Daar word beoog om dan 'n prys aan te bied vir die beste en oorspronklikste vlot.

'n Arena-aanbieding met gimnaste en akrobate, ou motors en perde word ook beplan.

**STALLETJIES**

Die gebruiklike stalletjies wat so eie is aan enige karnaval sal ook die sentrale punt van ons karnaval uitmaak. Daar sal allerlei interessanthede, speletjies kompetisies en ook 'n hoenderbraai wees. Verskeie veterane het ook al vir 'n biertuin gevra.

**TYDREN**

Dan sal daar aak 'n motortydren („rally") wees wat baie vaardigheid sal verg en beslis nie net al om die dorp sal plaasvind nie.

Ook konsertaanbiedings deur bekende S.A. kunstenaars word in die vooruitsig gestel. Onderhandelings is reeds aan die gang met Min Shaw, Groep 2, Gé Korsten, 'n professionele akkordiongroep en die Drakensberg Seunskoor.

**SUKSES**

**„Die sukses van die karnaval gaan afhang van wat die studente daarvan gaan maak. Die komitee skep slegs die geleenthede vir 'n baie aangename tyd. Ons hoop hulle sal daarvan gebruik maak," het mnr. Kruger ten slotte opgemerk.**

## Vergadering van Korps nou later

Die Korps-programvergadering wat vir 6 Maart beplan is, sal nie meer op hierdie datum nie, maar op Dinsdag die 19de Maart gehou word.

**TREURNICHT**

Die spreker by die geleentheid is dr. A. P. Treurnicht, voormalige redakteur van Die Kerkbode en tans redakteur van Hoofstad.

## En kyk hoe lyk ek nou!



**Wie het gesê ontgroe . . ., ekskuus oriëntering is net speletjies? Hierdie eerstejaar voel blykbaar nie geneig om so te dink nie. Die toneeltjie het hom tydens oriëntering by Dawie Doep afgespeel.**
**Foto: Fotokuns**

## *Duitse Vereniging weer bedrywig*

„Alle tekens is daar dat die Duitse Vereniging in die jaar wat kom, nuwe lewenskrag sal toon," het die voorsitter, mnr. Konstant van der Walt, aan Die Wapad gesê.

Op 'n vergadering wat verlede Woensdagaand in die Frans du Toit-gebou gehou is, is mnre. K. van der Walt en S. du Randt as voorsitter en onder-voorsitter onderskeidelik herkies.

**PROGRAM**

Mnr. Van der Walt het die program vir die jaar as volg geskets: Daar sal gereelde sangen plate-aande wees, 'n verskeidenheidskonsert word in die vooruitsig gestel, en 'n blaadjie met interessante artikels vir die Duitsstudente sal gepubliseer word. Die datum waarop 'n braaivleis gehou gaan word, is ook reeds vasgestel.

Kerkdienste in die Lutherse Kerk sal die studente as 'n groep bygewoon word.

**UITNODIGING**

**Mnr. Van der Walt het 'n uitnodiging gerig aan almal wat nie Duits as vak neem nie, om ook die byeenkomste by te woon.**



**Prof. S. P. van der Walt (links,) voorsitter van die Beurskomitee van die P.U., stel Dawid Booysen aan mnr. J. J. Patlansky (middel) voor. Mnr. Patlansky, bekende sakeman van Potchefstroom, het 'n beurs van R150 per jaar vir drie jaar aan mnr. Booysen geskenk ten einde 'n B.Comm-graadkursus te volg en so 'n bydrae gelewer om die P.U. in staat te stel om 'n atleet van groot formaat te bekom. Dawid Booysen het onlangs in Benoni die Suid-Transvaalse rekord in gewigstoot verbeter. Foto: Fotokuns.**

## Twee trofeë vir kampioenskappe

Die jaarlikse atletiekkampioenskappe van die Universiteit word op die 2e Maart op die Puk-bane gehou. Die byeenkoms begin om 2nm. Die kampioenskappe, wat op 'n interkoshuisbasis geskied, is vir seniors sowel as eerstejaars.

**TROFEë**

Twee trofeë is deur die Nasionale Bouvereniging geskenk wat aan die mans- en dameskoshuis oorhandig sal word wat die dag die hoogste punte behaal.

Daar word 'n beroep deur die Sportinstituut op die koshuise gedoen om hul voor te berei en die byeenkoms op groot skaal te organiseer. Veral tweedejaars met hul ouers word hartlik uitgenooi. Koeldranke sal by die baan te koop wees.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BUIT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

## EERSTEJAARS!

Waarom julle uitsonder bo die seniors?

Wel... hulle weet mos. Ons sou hulle in die gesig vat as ons vertel wat hulle laaankal ondervind het.

Nee, dit is 'n „love-letter" spesiaal vir julle.

Ons kry binnekort weer 'n hele swetterjoel grammofoonplate van oorsee af.

Bekende en interessante klassieke musiek. Kom kyk intussen na die verskeidenheid op hande.

Vir julle wat nie weet nie:

Ons raam al jou mooi prente, skilderye en wat jy ook wil ophang om jou kamer 'n aantreklike aansien te gee.

En ons raam dit so dat dit 'n fraai geheel maak en 'n lus vir die oog is.

Ons doen en verkoop nog baie ander dinge en al is jy platsak: Kom kuier vir ons.

Maar ons spesialiteit is

**Fotografie**

Maar dit is amper 'n hoofstuk apart.

Ons neem aksiefoto's van alle gebeurtenisse waarby julle betrokke is.

By ons groepfoto's wissel ons die rangskikking soveel as moontlik af.

Ons haat dit om dinge afgesaagd en altyd dieselfde te doen. Dit is so vervelig.

Maar veral by portrette doen ons baie moeite om jou vanuit die gunstigste hoek, passend by jou persoonlikheid te fotografeer.

Dit is nogal 'n ondervinding, hoor.

Nog nooit uitgetoets nie?

Dan het jy iets gemis?

Veral omdat ons deur beligting en dergelike meer van die alledaagse probeer wegkom.

***Wie is ons?***

***Die 6 (Ja, 6) mense van Fotokuns in Tomstraat***

die WAPAD

WOENSDAG 28 FEBRUARIE 1968

# Massavergaderings

Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n brief van 'n leser waarin onder andere bekommernis uitgespreek word oor die Pukdames se swak deelname aan die studentelewe en dan in die besonder die feit dat omtrent nooit die stem van 'n dame in 'n massavergadering gehoor word nie.

Besorgdheid oor die saak verbaas 'n mens nie. Dit is iets waaroor lankal stemme moes begin opgaan het. Waaroor mens eintlik verbaas is, is dat daar nie lankal op 'n groot skaal besorgdheid oor 'n ander verskynsel in verband met massavergaderings bestaan nie.

Dit is die verskynsel dat ons massavergaderings inderwaarheid slegs nog massavergaderings in die sin is dat alle studente dit mag bywoon, en mag stem en praat as hulle stemreg het, maar dat daar van dit alles in die praktyk weinig tereg kom.

In die praktyk het massavergadering aan hierdie universiteit deesdae byeenkomste geword waarop enige bespreking deur 'n paar strydosse gevoer word terwyl die res van die vergadering (wat dikwels ook maar 'n handjievol is, die studentetal in ag genome) geheel en al passief sit en luister, en stem as daar te stem is. En as 'n mens moet oordeel aan die wyse waarop dit dikwels geskied, het 'n groot deel van die persone wat stem, geen werklike benul van waaroor die hele saak gaan nie.

Dit is geen gewenste toestand nie. Nie alleen is dit die beste bewys dat daar by 'n groot deel van die Pukke weinig belangstelling in die studentelewe as 'n geheel bestaan nie, maar dit is ook die mees klinkklare mosie van wantroue in die geskree van daardie orators van wie ons met gereelde tussenposes moet hoor dat die Studenteraad en sy onderliggame as diktators in die studentelewe optree.

Dit is hierdie absolute doodsheid by die Pukmassa in hierdie verband (en dan praat ons veral van die seniors, want dit is hulle wat die leiding moet neem) wat veroorsaak dat besluite oor haas enige saak aan die Studenteraad oorgelaat word, en dat so te sê geen inisiatief van die massa uitgaan nie.

Wanneer gaan ons die toestand bereik dat ons massavergaderings soos ons koshuisvergaderings weer vergaderings sal wees waar lewendig gedebatteer word oor sake wat ons almal raak, en nie slegs vergaderings wat geen beter doel dien as om mosies van rou of gelukwense aan te neem of om sake na kommissies van ondersoek te verwys nie?

Waar is ons teekan-orators?

# Waardeer ons dit?

Saam met die akademiese jaar wat reeds drie weke oud is en alles wat daarmee gepaard gaan, het daar ook weer 'n begin gekom aan iets anders wat in vele opsigte eie is aan 'n universiteit.

Ons praat hier van die veelheid van vergaderings, seminare en simposiums wat op die kampus deur ons eie sowel as geleerdes van buite Potchefstroom oor 'n magdom onderwerpe toegespreek word. 'n Mens hoef maar slegs te dink aan die byeenkomste van die groot aantal akademiese verenigings, die Afrika-seminaar, die Sentrum vir Internasionale Politiek en vele ander, om te besef dat hier aan elkeen wat maar belangstel, die geleentheid gebied word om die room van die kenners oor vele vakgebiede aan te hoor.

Waardeer ons hierdie geleentheid? Maak ons van hierdie geleenthede, wat baie persone buite die universiteit ons beny, gebruik om ons kennis te verbreed, ook oor daardie onderwerpe wat nie streng binne ons al te beperkte leergange tuishoort nie? Of laat ons dit aan die publiek van Potchefstroom oor om te verseker dat sprekers darem 'n gehoor het?

Dit het lankal tyd geword dat ons as studente dit wat ook op hierdie terrein aan ons gebied word, na waarde sal skat.

**INSLEEP!**

WAARHEEN ALMAL SLEEP

**Koshuisbestellings: 6039**

# In U Lig

„En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid ..."
Prediker 12:1.

En dink aan jou Skepper... Hier is dit 'n bevel aan diegene wat in die dae van hulle jonkheid verkeer. Want die jeug en die jonkheid is nietigheid.

Die diepe sin van jonkheid is nie ydelheid nie, dit is nie te vind in materiële genot nie, dit is nie te vind in 'n hebsugtige gejaag na eer, of uitsluitlik in die verkryging van 'n latere sosiale „posisie" nie. Dit is te vind in **gedagtenis** aan jou Skepper. Dit setel in die oorsaak van jou oorsprong, dus noodwendig ook in jou lewensdoel — jou roeping. Hierdie gedagtenis aan jou Skepper mond uit in dankbaarheid. Dankbaarheid dat jy geken is om geroep te kon word.

Meteens kry die **arbeid** van jou jonkheid ook 'n diepe sin. Want dit is arbeid vir die koninkryk van God — omdat Christus jou gekoop het, en georden het, om in sy diens te staan.

Die arbeid wat aan ons toevertrou word veronderstel dan ook 'n sekere verantwoordelikheid. Daarom moet ons daaraan dink om hierdie arbeid goed te doen, om reeds aan die begin van hierdie jaar ons studie en ander werksaamhede ter harte te neem. Ons moet dit doen in gedagtenis aan ons Skepper. Met liefde dus, in ootmoed en in selfmishaging.

Daarom word die gedagtenis aan jou Skepper 'n sieraad in jou lewe. Dit word jou blydskap, jou vreugde, maar as gevolg van die sonde ook jou smart, jou besef van eie vermoë. Dit word jou gebed.

# - Deur My Lens -

Verlede week het ek 'n paar klappe uitgedeel — vriendelik ja, en gemoedelik. Vandag wil ek meer gemoedelik 'n paar soene uitdeel: vir al die jong dartelende dametjies op die kampus. Miskien moet ek poësie maak oor hulle — soos Opperman; „daar is 'n vrou in elke geur." Maar my letterkundige pogings is in die verlede nie al te gunstig ontvang nie. Daarom sal ek terugkruip in my siniese vesting.

Nog net dit: Hierdie huppelende minirokkies roer my ou swart hart soos die wind en vallende blare; dus „geagte leser, die geleentheid bied hom slegs eenkeer in 'n leeftyd" — sleep en sleep flambojant en mooi voordat die tyd verbygaan; voordat die goue oliekruik stukkend val en die jare wrang word; voordat die dae vol berusting saampak in mens se oë.

**STUDENTERAAD**

Die Studenteraad het my nog nie kwaad gemaak nie. Ek hoor hulle benoem net kommissies om elke saak wat op die kampus roer te ondersoek. Mooi so! Amper gee ek julle 'n piksoentjie.

Lees die S.R. ooit Leroux? Hy het dit veral teen en oor verwording. Dus: nog 'n saak om 'n kommissie oor te benoem is verwording. Ondersoek dit op alle terreine van die studentelewe, ook in u eie geledere. Die verslag kan later satiries opgestel word en deur 'n dramastudent aan u voorgedra word.

**LEIER**

Hier word binnekort 'n groot kultuurleierskursus op die Puk aangebied. (Wat die „leier" dan ookal mag beteken — as mens binne 'n week 'n leier word dan is ons eeu nie sonder wonders nie). Ai, die groot kultuurprofete onder ons. En die groot visione wat die manne sien! Kultuur sluit veral in: volkspele — 'n plesierige hop-hop speletjie en volksfeeste: almal drom saam rondom 'n dawerende orator, hy gil met 'n wye mond in die wind; almal luister verslae, klop mekaar op die skouer: „hy kan darem praat nê." Nouja vreeslik gesellig, almal bring koffie en toebroodjies saam.

**VERLIGTEND**

Gelukkig merk ek op dat daar ook 'n paar letterkundiges gaan praat: uiters verligtend! die kultuurvaders erken die kuns ook as kultuur. Ons vorder goed. Ek hoop die mense kry geld om die saak te finansier en mense wat sal luister!

**VREESLIK**

Haai, en dan het daar nog 'n vreeslike ding gebeur. Een belangrike ou wat 'n ander ou se meisie afgevat het. Dis 'n skinderstorie. By al Reflector se affiniteite hou hy ook nog van 'n lekker sappige storie. Miskien iets daaroor — later of „miskien nooit" — maar dis 'n klein (lg.) hartseerstorie wat min van julle seker gelees het?

**RUIKER**

Voor ek groet: 'n ruiker vir al die musiekgeesdriftiges wat Maandagaand na Hanlie van Niekerk se soet stem geluister het.


**MOOIRIVIER MOTORS**
(EDMS.) BPK.

Posbus 51, Potgieterstraat Telefoon 4338/9,
POTCHEFSTROOM.

*Vir:-*

★ MERCEDES-BENZ
★ TOYOPET
★ RENAULT DAUPHINE

# Geen kommentaar




# EUROPESE TOER BEOOG

**'n Europese toer word deur die Geskiedenis en Aardrykskunde-departemente in vooruitsig gestel wat geen student behoort mis te loop nie. Die toer word beplan met die uitsluitlike doel om dit vir die studente so goedkoop moontlik aan te bied en om in die 45 dae wat in Europa deurgebring sal word absoluut die maksimum aan te bied.**

Mnr. J. van der Berg, as hooforganiseerder van die toer, het 'n voorlopige prys van R550 (wat alles behalwe persoonlike uitgawes insluit.) genoem maar bygevoeg dat hy hoop om dit nog goedkoper te reël.

**SWARTWOUD**

Die onverbeterlike reisplan sal sowat 5,000 myl dek, beginnende in London waarvandaan 'n omvattende toer deur die sentrale deel van Engeland onderneem word. Daarna word 'n kort besoekie aan België gebring waarna heelwat tyd in Holland bestee sal word. Duitsland is die volgende mikpunt, langs die Ryn af na sentraal Wes-Duitsland, die Swartwoud en dan na die Beierse Alpe en Oostenryk wat hoofsaaklik vir ontspanning besoek word.

In Italië sal die vernaamste plekke soos Rome, Venesië en Florence aftrek kry waarvandaan Switserland en sentraal Frankryk besoek word. Die toer geskied heeltemal buite die normale toeristeroete.

**TYDPERKE**

Die doel van die toer is om aan studente die geleentheid te gee om met die Europese deel van hul vakkundig opleiding in aanraking te kom. Die toer word bepaald vir Geskiedenis-, Aardrykskunde- en Kunsgeskiedenisstudente gereël maar sal vir ander studente niks minder bied nie. Om die Geskiedenis te dek, sal bv. 'n aantal uitgesoekte kastele, slagvelde en katedrale besoek word. Kennis sal gemaak word met bepaalde aspekte van die Antieke tyd, Middeleeue, die Rennaissance en die Moderne tyd. In aardrykskundige belang sal op 'n aantal nywerhede, die belangrikste geografiese kenmerke en die ontwikkeling van die stede in Europa gelet word en wat die kunsgeskiedenis betref, sal geboue en kunsmusea besoek word.

Die eerste deel van die toer word per vliegtuig afgelê waarna die reis per luukse bus voortgesit word. Tot dusver is die toerdatum vasgestel op naastenby einde November tot middel Januarie.

Die finale prysaankondiging sal teen die begin na die middel van Maart gedoen word waarna ook met reëlings begin sal word.

# ORGANISASIE NIE PROBLEEM IN KARLIEN

**„Alhoewel dit 'n baie groot koshuis is, verloop die organisasie sover baie vlot en dit is grootliks te danke aan die mooi gesindheid wat die dames openbaar."**

Dit is die mening van die Primaria van Karlien, die grootste koshuis op die P.U. Mej. Kitty van Heerden sê sy is veral baie dankbaar omdat almal in die koshuis saamwerk en dus heers daar ook 'n baie goeie gees.

**GANGBASIS**

Die organisasie in die koshuis geskied op 'n gangbasis wat baie doeltreffend blyk te wees. Op elke vloer is daar dan een H.K.-lid en 'n gang komitee waarvan vier seniors en twee eerstejaars is. Dan is daar ook op elke vloer een sportkomiteekultuurkomitee- en ontspanningskomiteelid. Die onderskeie komiteelede van die sewe vloere vorm dan saam die ontspannings-, kultuur- en sportkomitee van die koshuis.

Daar is tans nog nie 'n interkomstelsel geïnstalleer nie maar hiervoor, sê mej. Van Heerden, kompenseer die goedontwikkelde stembande van die eerstejaars. Dit is dus werklik nie 'n groot gemis nie.

**STORMLOOP**

**Sleeptye gaan dit egter lawaaierig omdat daar 'n geweldige stormloop van manne is. Slepers moet egter net moedhou. Die telefone en interkom sal na verwagting binne die volgende drie of vier weke arrivieer.**

Al die meubels vir die koshuis se sitkamer ens. begin ook nou stadigaan georganiseerd raak. Dit wil dus lyk asof daar by die grootste koshuis op die P.U., en ook die eerste van sy soort, geen organisasieprobleme van enige aard is nie.

# Verandering in Lettie Dup

**Winde van verandering wat so heeldag en aldag oor die P.U. se kampus waai het ook die Lettie Dup-eetsaal getref en wel in die vorm van 'n klompie mansmense wat onlangs hulle intrek in Thaba Jäh geneem het.**

Die mans kom hoofsaaklik van die „ou" Huis Rus en hulle verseg om van so-iets soos Karlien te praat. Dit bring nou mee dat hulle saam met die dames in die Lettie Dup-eetsaal hulle etes moet geniet.

**ORDELIKHEID**

**Die dames is dit almal eens dat hulle die nuwe kleur en geur in die eetsaal baie verwelkom, maar dat die ordelikheid van die eetsaal nou natuurlik daarmee heen is. Daar is ± 75 mans, nie so vreeslik baie nie, maar oorgenoeg om 'n deeglike chaos te veroorsaak as hulle nie spoedig versigtiger met die eetgerei begin werk nie.**

**ROETINE**

Daar was in die begin ook glo 'n paar hakplekkies omdat die roetines van die onderskeie groepe nie dieselfde was nie en daar moes tot beraadslaging oorgegaan word.

Tans verloop alles vlot en hulle bure beweer dat die mans doodgelukkig is (of altans lyk) in hulle nuwe tuiste.

# *Ons Lesers Skryf*

## Waarom neem ons dames nie deel nie?

**Geagte redaksie, — Waarom nie hierdie jaar begin deur 'n yslike klip in die bos te gooi nie? Moenie dink dit is teen de eerstejaars wat so manhaftig probeer baasspeel nie. Waar hulle in die verlede belaglik gemaak is, het hulle met hulle houding hulself vanjaar belaglik gemaak. Gelukkig is daar uitsonderinge.**

Nee, my skyf is 'n groot persentasie van ons dames. Dit is mos mode dat 'n damesstudent net drie belangstellings het: Haar sleep, haar studie, en grimering. Wanneer laas het 'n dame in 'n massavergadering opgestaan en haar (miskien eg vroulik en deurslaggewende) opinie oor 'n saak uitgespreek? Is dit die rede waarom daar net een dame op die Studenteraad sit?

**AFGERONDHEID**

Dit is 'n feit dat as 'n dame deelneem aan 'n sekere saak, die mans met groter aktiwiteit en afgeronheid optree. Maar in hulle honderde sit die passiewes dagdrome en droom terwyl die Puk in sy ontsettende groei sy groeipyne deurmaak. Die lewe wat vir 'n student groter en groter perspektiewe open, word vir hulle al nouer en nouer totdat dit net die EK omsluit en soms verwurg.

Nee dames, as Calviniste moet u u beginsels op alle terreine laat geld en om dit te kan doen moet u ten minste alle moontlike en wenslike terreine betree. Die doodsheid van baie dames en hier ook dié van baie mans word 'n aanklag dat u beginsels nie ten volle uitgelewe word nie. Hier word nie gepleit vir emansipasie nie, net vir 'n lewendige, gesonde en oorspronklike belangstelling wat in 'n aktiewe en ondersteunende deelneming kan ontwikkel. Die sielkunde het bewys dat 'n dame gouer volwassenheid bereik as 'n man; daarom kan 'n tweede- of derdejaardame maklik in massavergaderings haar sê sê. Steriliteit van 'n „dooie Pukgees" of ander beskuldigings sal dan oorkom word.

Wat sê die dames self?

PASTOR

**(Ja, wat sê ons dames? U word hartlik uitgenooi om na aanleiding van bostaande gedagtes van ons korrespondent ook u menings in briewe aan Die Wapad te lug.**

**Briewe van lesers oor ander sake is ook welkom. Sorg net dat u briewe nie langer as 250 woorde is nie (verkieslik heelwat korter) en duidelik leesbaar is. Selfs al word van 'n skuilnaam gebruik gemaak, moet u brief u naam en adres bevat.—Red.).**

# *Nuwe kursus vir dramastudente*

Die departement Spraakleer en Drama aan die P.U. vir C.H.O. beleef vanjaar sy vierde bestaansjaar. Die groei van hierdie departement was so snel en die belangstelling so groot dat die oorspronklike vak Spraakleer en Drama vanaf 1968 in twee selfstandige kursusse vir die B.A.-graad verdeel.

**NIE SAAM**

Studente sal naamlik Spraak- en Vertolkingskunde en Drama- en Toneelkunde in hulle graadkursus kan insluit. Daar is egter die voorbehoud dat albei nie saam as hoofvakke geneem kan word nie.

Behalwe vir die departementshoof, Teunis Botha, en mej. Bet Botha sal daar vanjaar van die hulp van drie deeltydse assistente gebruik gemaak word. Gedurende 1968 begin studente in die departement ook met nagraadse studie.

# Departemente skei

Die gekombineerde Departement van Sosiologie en Maatskaplike werk het onlangs ontbind en twee onafhanklike departemente het ontstaan.

Die Sosiologie-departement se baba is selfstandig sedert Januarie 1968.

Onder die leiding van mnr. D. Eloff, die hoof van die nuwe Departtmeent Maatskaplike Werk, het die departement sedert sy ontstaan in Januarie 1965 met rasse skrede vooruit gegaan

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

**Kerkstraat 118**
**Potchefstroom**
**TELEFOON: 3237**

**GROSVENOR MOTORS**
**LOMBARDSTRAAT 47**
**KERKSTRAAT 69**
**TELEFOON: 4351/2/3**
**GEMAGTIGDE —FORDHANDELAARS—**
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
**Vespa**
en
**Lambretta**
BROMPONIES




Leweransiers van P.U.

Kleure

# KUNSGESELSIE

Die Grieke was besorgd met die universiële tipe in die mees geïdealiseerde en permanente vorm. Die platoniese leerstelling van die idee was die filosofiese uitdrukking van die hele Griekse idee van die werklikheid van die kuns.

Griekse kuns was die resultaat van rasionele ontledin~ Self in persoonlike verwysing en gevoel is min teenwoordig en selfs op grafmonumente is die beelde koud en amper vergoddelik alhoewel anatomies korrek.

**PROPAGANDA**

Die Romeine het nie na die universiële of die perfekte gemik nie maar hulle kuns het 'n stelsel van religieuse en politieke propaganda geword wat 'n historiese of ander gebeurtenis beklemtoon het.

Die Keiser was 'n god. Alle afbeeldings wat sy persoonlikheid verteenwoordig het, was 'n vorm van godsdienstige kuns. Die Senaat het bv. die „Ara Pacis" op die Campus Mortius buite Rome laat oprig om die terugkeer van Augustus van Gallië en Spanje, aan die begin van die Pax Romana, te herdenk.

**WEGDRYF**

Die gedurige verskyning van die Keisers in die kuns het dit verder laat wegdryf van die klassieke en die disproporsie tussen die figure en die argitektoniese agtergrond het al hoe groter geword. Hierdie verwydering het die latere middeleeuse kuns voorspel.

Soos die behoeftes van die kerk meer prominent word, die leerstellings en leermetodes meer illustrasies van die Nuwe- en die Ou Testament vereis het, het die die erfstukke van die Grieke en Romeine stadig maar seker op die agtergrond verdwyn. Die agteruitgang van die klassieke kuns het die geleentheid gebied vir die vroeg-christelike kuns om opgang te maak. Dink byvoorbeeld aan die sarkofaag van Junius Brassus in St. Pieters in Rome en die vyfde-eeuse mosaïek in die Santa Maria Maggiore te Rome.

**AFBEELDINGS**

Daar was geen onmiddellike poging om 'n spesifieke Christelike styl te vorm nie en vir 'n lang tyd het hulle geen afbeeldings van enige aard gebruik in hulle kuns nie. Eers heelwat later het die Oos-Romeine in Konstantinopel 'n formule ontwikkel waarvolgens afbeeldings uit die Bybel gemaak kon word sonder vrees van Godslastering of afgodery.

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

DIE BULT
DAMES HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"
Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdsstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

Boekbespreking

# Brink gee deeglik rekenskap

**Met „Aspekte van die Nuwe Prosa"* bewys en bevestig André P. Brink homself as een van die jonger kunsprosaskrywers wat homself deeglik rekenskap wil gee oor die letterkunde in die algemeen, en in die besonder die nuwe prosa in Afrikaans.**

**P. D. van der Walt het reeds in 'n resensie opgemerk dat elkeen wat wil saamgesels oor die jonger prosa Brink se nuutste werk onder oë sal moet neem. Mens kan hierdie stelling onderskryf.**

Oor sestig is daar baie geskryf: so hier en daar intelligent, maar meestal was dit, om dit reguit te sê: sotlik. Feitlik alle literêre kritici (met uitsondering van Grové, Antonissen, Van der Walt, Lindenberg en nog een of twee vakmanne) en diegene wat aan breingebreke plus verstandgebreke lei, het die hele beweging of dan vernuwing, hooghartig as eksperiment bestempel. Ons laat maar die morele predikers se gille. Hieroor vergewis Brink deeglik.

**VORMVERANDERINGE**

Maar meer nog: Hy wys op vormveranderinge, tematiek — altyd in verband met die breë internasionale literêre situasie. En verloor nie die Afrikaanse literêre tradisie uit die oog nie. Hy verwys, verbind en vervleg motiewe — wys op beïnvloeding ens. en bring so die nuwe prosa skerp in reliëf.

In die proses sê Brink ook harde dinge oor die nuwe prosa — raak dinge, en slaan die dowwe kolle oop, maar skryf ook waarderend en insiggewend oor baie skrywers. Veral oor (die miskende) Breytenbach bring hy verheldering.

**EERLIK**

**Soos dit met alle dinge gaan stem mens nie orals saam nie, nietemin is dit 'n eerlike poging om in 'n beskeie bundeltjie (133 bladsye) 'n deursnit te gee van sestig. In 'n soekende literêre wêreld is dit ook 'n merkwaardige, selfs hoog nodige werk. Brink skryf wetenskaplik en eenvoudig, hy verval nooit in veralgemening nie, elke ding word sorgvuldig benoem.**

**ERVARING**

Dit is vir my onmoontlik om in 'n kort resensie reg te laat geskied aan die werk wat 'n oneindige hoeveelheid perspektiewe op open. In alle opsigte is dit 'n ervaring om dit te lees. Elke literatuurkenner sal hierdie bundel onder die knie moet kry. Ek beveel dit ook met groot vrymoedigheid aan aan diegene wat lig soek in die huidige komplekse literêre situasie.

*** Brink, André P. Academica 1967 prys: R2.35.**

P. H. ROODT

# VOLLENGTESTUKKE VANJAAR OPGEVOER

**Die departement Spraakleer en Drama aan die P.U. vir C.H.O. beoog om binnekort die klassieke stuk Hedda Gabler van Hendrik Ibsen op te voer.**

Hierdie stuk word as een van die groot meesterwerke van die Naturalistiese periode beskou en is nog nie baie dikwels in die Republiek opgevoer nie. Die regie word waargeneem deur Bet Botha.

**VOLLENGTE**

Die tweede vollengtestuk is die vitale „Ai tog dié vroumense" van Joan Retief wat in September met tweedejaarstudente aangebied sal word.

Teunis Botha sal met eerstejaarstudente 'n aantal eenbedrywe instudeer wat saam met vertolkingswerk 'n teateraand sal uitmaak.

**POËSIEAAND**

By hierdie vol program kom nog verskeie poësieaande en die program van voorgeskrewe werke van matriekleerlinge. Die derdejaarstudente van die departement Spraakleer en Drama sal hierdie program onder beskerming van die departement Ontwikkeling van die P.U. vir C.H.O. op verskeie sentra in Transvaal aanbied.

Die publiek sal ook vanjaar weer, soos in die verlede, geleentheid kry om die openbare praktiese eksamen van studente in die departement gratis by te woon.

**TEATERGROEP**

Wat toneelnuus betref het Die Wapad ook verneem van die stigting van 'n Afrikaanse teatergroep wat hulle sal beywer om eksperimentele toneelwerk aan te bied. As eerste twee stukke waarmee die groep sal begin word genoem Die Blindes van Maeterlinck en Die Sandkis van Edward Albie.

## Alabama is weer bedrywig

Onder leiding van musiekregisseur Johan van Rensburg beoog Alabama vanjaar weereens groot dinge.

Hulle gaan 'n uitgebreide toer na Noord- en Oos-Transvaal onderneem en daarna opvoerings in Welkom, Klerksdorp en les bes, op die Puk self sou.

**VERGROOT**

**Die koor is vergroot tot 30 lede en mnr. Van Rensburg beoog ook iets besonders met die orkes. Dit wil voorkom asof hy voortaan meer op die ritme van die musiek gaan konsentreer en natuurlik ook op die verwerkings van klassieke werke, wat niemand hom kan nadoen nie.**

Die decor word effens gewysig en nagesien deur 'n lid van Truk.

## Prof. G. Dekker praat oor ekspressionisme

Prof. G. Dekker, bekende literator aan die universiteit, het Dinsdagaand 20 Februarie 'n vergadering van die Kunsvereniging toegespreek oor ekspressionisme in die skilder- en beeldhoukuns.

Prof. Dekker het daarop gewys dat, hoewel die die neiging is om alles wat afwyk ekspressionisme te noem, dit openbaar word in kuns van alle tye.

**KLEURSKYFIES**

Hierdie stelling het hy toegelig met kleurskyfies van werke van verskillende kunstenaars uit verskillende tye, soos Michelangelo, Donnatello, van Gogh, Johannes Vermeer en Maggie Loubscher. Selfs 'n Boesmantekening het kenmerkende eienskappe van ekspressionisme getoon.

**SPANNING**

'n Opvallende eienskap van ekspressionisme, het prof. Dekker gesê, is die feit dat hierdie kunsstroming juis sy bloei ervaar in tye van geestelike spanning, soos in Duitsland na die Eerste Wêreldoorlog. Trouens die hele 20ste eeu was 'n eeu van geestelike spanning. Ekspressionisme soek na waarheid, nie na vormskoonheid nie en dit bring mee die gevaar van vormloosheid en oorvereenvoudiging.

# REGSVERENIGING HOU INTERVARSITY

**Die P.U.-Regsvereniging het groot planne vir die komende jaar op hulle jaarvergadering in die vooruitsig gestel.**

Met 'n vermeerderde ledetal is besluit om 'n inter-fakultêre rugby en atletiekkompetisie met die Farmasie-studente te reël.

**DINEE**

**Die vergadering het ook besluit om 'n kenmekaaraand op 1 Maart, 'n regsdinee op 13 Mei en die jaarlikse skynhof met die Vrystaatse Universiteit te hou.**

Daar word nog gewag op die uitnodiging na die regsintervarsity wat vanjaar in Pretoria gehou word na die groot sukses verlede jaar hier in Potchefstroom.

Die moontlikheid bestaan dat daar 'n landswye regsvereniging tussen die verskillende Universiteite gevorm gaan word.

**KONTAKBELEID**

Die P.U.-Regsvereniging het hom in beginsel uitgespreek ten gunste van so 'n Vereniging tussen die blanke Universiteite. Verder is besluit dat 'n kontakbeleid teenoor nie-blanke Universiteite voorgestaan word in soverre hulp aan hulle verleen kan word met eerbieding van die beginsels en beleid van afsonderlike ontwikkeling.



**'n Ou bekende in Potchefstroomse toneelkringe en een van die staatmakers van die departement Spraakleer en Drama, Abri le Roux, afgeneem in 'n toneeltjie uit sy uitmuntende aanbieding tydens die onlangse seniorkonsert.**

Foto: Fotokuns

# Eerstejaars stel teleur met atletiek

## Over de Voor kry ses punte

**TELEURSTELLING! Dit is al wat 'n mens oor die eerstejaarsatletiekbyeenkoms kan sê. Blykbaar het hierdie jaarlikse instelling wat voorverlede Maandag op die Puk-veld afgehandel is, geen gewig gedra by die juniorstudente nie.**

Dit was slegs Fanie van Zijl en in 'n mindere mate Herman Smit wat enigsins noemenswaardige prestasies gelewer het. Fanie het sonder om hom in te span 'n tyd van 1 min. 54 sek. ook die 800 meter opgestel en die 1,500 meter in 3 min. 59.6 sek. gewen.

Hierdie tye doen darem nie afbreuk aan sy vorige beste tye nie, want daar moet in ag geneem word dat die grasbaan van die Puk maar baie ongelyk en stadig is.

**VERDIENSTELIK**

In die spiesgooinommer vir mans het Herman Smit 'n verdienstelike afstand van 191 vt. 2 dm. gehaal en daar kan nog baie van hom in die toekoms verwag word, aangesien hy nog 'n junior atleet is. Pypies Loubser het met 'n skitterende vertoning in die 1,500 meter vorendag gekom toe hy tweede agter Fanie van Zijl geëindig het.

**NAELLOPERS**

Die tye oor die korter afstande was heelwat swakker en geen uitstaande vertonings is gelewer nie. Dit laat 'n mens wonder wie die Puk se huidige puik naellopers se plekke in die toekoms moet volstaan.

Die standaard in die damesitems was ook deurgaans baie ontmoedigend. Daar was nie een enkele uitsonderlike prestasie nie en die tye was oor die algemeen lagwekkend.

**ROOM**

**In die mansafdeling het Dawie-Doep Noord met die louere weggeloop, terwyl Karlien die damesafdeling gebuit het. Blykbaar het die twee bogenoemde koshuise vanjaar die room van die eerstejaars gekry in teenstelling met die verlede waar Over de Voor en Klawerhof hierdie byeenkoms oorheers het.**

**SES PUNTE**

Vanjaar het Over de Voor met sy 93 eerstejaars net ses punte ingesamel. Die foute kan nie net by die eerstejaars gesoek word nie, maar ook by die seniors wat moes leiding gee en dit nie gedoen het nie.

Deur intensiewe oefening en afrigting behoort hierdie toestand van sake opgelos te word en kan die Puk-span in die toekoms nog 'n groot krag in die Suid-Afrikaanse atletiekwêreld ontwikkel.

J.C.S.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

# PUKKE VERTOON GOED OP PILDITCH

**Die atlete van die Puk wat Woensdagaand vir die Wes-Transvaalse span deelgeneem het in die interprovinsiale kragmeting teen Noord-, Suid-, en Oos-Transvaal, het hul weer eens baie goed hul taak gekwyt. Twee Noord-Transvaalse rekords is deur hulle verbeter.**

Die briljante Fanie van Zijl het vir die soveelste keer eerste oor die wenstreep gedraf toe hy die 1500 meter in 3 min. 49.4 sek. afgelê het. Dit oortref sy eie Noord-Transvaalse rekord met sowat drie sekondes en dit is ook die eerste keer dat 3 min. 50 sek. in die binneland oortref word.

**BEA**

Die 19-jarige Bea Marais het weer eens haar fantastiese vordering van die afgelope maand in die 800 meter vir vroue gehandhaaf toe sy met net 1.2 sek. deur die veteraan Anne McKenzie geklop is. Bea het die uitstekende tyd 2 min. 13.6 sek. behaal en dit is die derde beste tyd wat nog ooit deur 'n Suid-Afrikaanse vrou oor die afstand behaal is.

Die ander Noord-Transvaalse rekord wat deur 'n Puk oortref is, was in die 5000 meter waar Louis van Wijck die bestaande rekord met 71 sek. oortref het. Hy het die nommer naelskraap voor Joe Bellingham van Suid-Transvaal weggeraap in 14 min. 28.4 sek.

**VERTONINGS**

Ander goeie vertonings deur Puk-atlete was die van Herman Smit (2e in werpskyf met 147 vt. 8 dm. en 3e in die gewigstoot met 48 vt. 7 dm.), Gert Lategan (4e in 400 meter in 49.4 sek.), W. van der Westhuizen (3e in 200 meter in 21.6 sek. en 4e in die 100 meter), J. van der Westhuizen (5e in die 100 meter) en George Müldner (5e in die 1500 meter in 3 min. 57.8 sek.).

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM
— Ons hou alles aan wat dames benodig —
Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
te kry by u kafeteria

# HOOG OOR DWARSLAT



Jean le Riche (Dorp), seil hier hoog en suiwer oor die dwarslat in die paalspringnommer op die onlangse eerstejaarsatletiekbyeenkoms. Foto: Fotokuns

# OVER DE VOOR VERLOOR TEEN KOMPLEKS

**Kompleks het Saterdagoggend na 'n skitterende eindpoging deur Over de Voor, nog daarin geslaag om die krieketwedstryd met drie lopies in hul guns te beklink. Kompleks ontvang egter ook eerstebeurpunte.**

Over de Voor was in een stadium hopeloos agter en hulle moes 136 lopies in 90 minute aanteken om 'n neerlaag af te weer. Kompleks het in die eerste beurt 104 lopies aangeteken, met Jannie Schutte as die beste kolwer en Charl de la Harpe van Over de Voor as die gevaarlikste bouler. Sy boulontleding was 5 vir 29.

**GROBLER**

Over de Voor het daarna gaan kolf en kon slegs 73 lopies aanteken. Gerrit Grobler het die grootste enkele bydrae gelewer met 17 lopies. Kompleks het na hul tweede beurt aan Over de Voor die taak gestel om 136 lopies in 90 minute aan te teken om te wen.

**SKITTEREND**

Teen uitskeityd het Over de Voor 134 lopies vir 7 paaltjies op die telbord gehad, waarvan Gerrit Grobler 'n skitterende 66 lopies aangeteken het en Johan Kruger was toe nog voor die penne met 18 lopies n.u.n.

Welman het baie bestendig geboul en in beide eerste en tweede beurt van Over de Voor die meeste paaltjies ingeoes.

# Judoklub neem leiding in Wes-Transvaal

**Dit wil voorkom asof die P.U.-Judoklub in die maande wat kom die leidende klub op die gebied in Wes-Transvaal gaan word. Die klub het nie alleen gegroei in ledetal nie, maar hulle het ook groot planne vir die jaar.**

Die klub, wat nou uit ongeveer 50 lede bestaan, het op 21 Februarie sy eerste vergadering vir die nuwe jaar gehou. Daar die lokaal te klein geword het vir die hele klub om almal gelyk te oefen, is besluit om afsonderlike oefentye vir die mans en dames te reël.

**DAMES**

**Die dames kry nou ook 'n eie bestuur met een verteenwoordiger op die sentrale bestuur van die klub. Daar gaan ook nog 'n mat aangekoop word om die organisasie van oefeninge te vergemaklik.**

Die klub kon ook daar in slaag om die hulp van 'n houer van 'n teoretiese swartgordel vir afrigting te bekom. Mnr. Bertie Pretorius, kaptein van die klub, reken dat daar veral in die gewigte bo 138, 147 en 175 veel van die mans verwag kan word. Die dames het veral in die gewig bo 161 sterk verteenwoordiging.

**KAMPIOENSKAPPE**

Kampioenskappe waaraan die klub gaan deelneem sluit die Wes-Transvaal kampioenskappe in Maart en Augustus, die Strathvaal-kampioenskappe aan die einde Maart, die Noord-Transvaal kampioenskappe aan die einde van April en die S.A.U. kampioenskappe in Julie in.

# Geen rugbyreeks vir kolleges

Dr. Danie Craven, Voorsitter van die S.A. Rugbyraad, het verlede Saterdag gesê dat die nasionale reeks vir kolleges nie weer vanjaar gehou sal word nie. Die onderwyskolleges het verlede jaar vir die eerste keer in 'n nasionale reeks teen mekaar gespeel.

**ONDERSOEK**

Volgens dr. Craven word die stelsel nou verder ondersoek nadat die wens uitgespreek is dat die reeks nie elke jaar gehou moet word nie. Die Rugbyraad is ten gunste daarvan dat die reeks voortgesit moet word.

Onder die huidige omstandighede word daar glo probleme ondervind om geskikte datums vir die reeks te vind, aangesien die Leeus se toer deur S.A. omtrent elke Saterdag en Woensdag in beslag sal neem.